**Donderdag 16 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 25:23-30 (AFR53/2020)**
**Fokusgedeelte: Eksodus 25:30**
**Die HERE is die God wat sorg**

Tydens Israel se reis deur die woestyn na die land wat die HERE aan hulle beloof het, was hulle elke dag onder die indruk daarvan dat Hy vir hulle sorg. Hy het elke dag manna en kwartels gegee (Eks. 16:8). Maar Hy sorg nie net in die woestyn nie, Hy sorg ook in die Beloofde Land! God se volk mag dit nooit vergeet nie. Die toon- of vertoonbrode moes hulle aanhoudend daaraan herinner.

Die priester moes elke sabbatdag 12 vars brode – een vir elke stam – op die tafel in die heilige deel van die tabernakel neersit. Dit moes van drie kilogram fynmeel, dit is die beste meel, gebak en in twee hope van ses elk op die tafel neergesit word (Lev. 24:5-9). Dit is toon- of vertoonbrode genoem, omdat dit voor die aangesig van die HERE neergesit is. Die brode is nie bedoel as kos vir Gód nie, maar as ’n voortdurende herinnering daaraan dat Hy elke dag vir sy volk kos gee en hulle aan die lewe hou. Die toon- of vertoonbrode was aan die ander kant ook ’n voortdurende dankoffer van die volk – ’n erkenning dat hulle elke dag vir alle stoflike en geestelike gawes van die HERE afhanklik is.

So het die toon- of vertoonbrode na Christus toe gewys. Hy is *die brood van die lewe* (Joh. 6:35). Slegs deur in Hom te glo, kan ons lewe – nóú, in hierdie wêreld – én tot in ewigheid! En die Heilige Gees herinner ons elke dag deur die Woord daaraan dat die HERE die God is wat sorg – nóú én tot in ewigheid!

Ons moet dit elke dag onthou wanneer ons bekommerd raak oor stygende lewenskoste en krimpende inkomste! Die HERE sorg elke dag vir die *daaglikse brood* wat jy vir jou liggaam nodig het. Maar Hy sorg vir méér as net jou *daaglikse brood*! Hy sorg ook vir alles wat jy vir jou ewige lewe nodig het – vergewing van sonde én geloof én liefde én hoop én krag om jou sonde te oorwin! Want Hy is en bly die God wat sórg!

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6*

*Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)*